Maandag 8 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 3:21-31 (AFR2020)

Fokusgedeelte: Romeine 2:22 (AFR2020)

Ons word alleen op grond van God se genade geregverdig

In gister se teksgedeelte het Paulus dit duidelik gemaak dat almal afhanklik is van God se genade vir hulle redding. In vandag se teksgedeelte verduidelik Paulus hoe hierdie redding vir ons in Christus bewerk word.

Hy verduidelik dat ons as gelowiges deur Christus regverdig gemaak word voor God. Regverdigheid geskied wanneer jy kry wat jy verdien. Ons het almal gesondig (vs 23) en daarom verdien ons die straf van God. Christus maak ons dan regverdig deur hierdie straf in ons plek te dra.

Christus dra egter nie net ons verdienste nie, Hy skenk ook aan ons sy verdienste. Wanneer God nou na ons kyk, sien Hy nie ons sonde raak nie, maar Hy sien sy Seun raak wat sondeloos is. God is altyd volkome regverdig en genadig en dit word hierdeur aan ons geopenbaar. Deur Christus se reddingsdade laat God die regverdigheid geskied en is Hy ons genadig.

Die vraag is dan: Kan ons nou sommer leef soos ons wil omdat ons deur genade en nie deur verdienste gered word nie (vs 31)? Paulus antwoord die vraag duidelik in ons teksgedeelte, maar hy brei daarop uit later in die brief in hoofstuk 6: *"Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly voortleef, sodat die genade kan toeneem? Hoegenaamd nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog langer daarin bly leef?"*

Die wet is nie die manier hoe ons regverdig gemaak word nie, dit is eerder waarvolgens 'n regverdige sy lewe tot eer van die Here moet inrig. Ons is in Christus nuwe mense gemaak wat die sonde afgesterf het. Daarom wil ons deur die krag van die Heilige Gees die wet onderhou tot eer van sy naam. Ons onderhou nie die wet om gered te word nie, maar omdat ons reeds gered is.

*Sing: Psalm. 9-1:1, 9, 10*

*Ds. FF (Frikkie) Deysel (Venterstad)*